No 1308 6 Maart 2016

# GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
**Pretoria-Alkantrant**

**Webtuiste:** *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
**Predikant**: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
**Administratiewe beampte:** Magda Coetzee: 082 496 9218, *magdacmcoetzee@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

## Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugdevolle en aangename erediens toe.
Ds. Dirk is met verlof en daarom is daar net een erediens om 09:00. Ds. Paul van den Berg van Centurion preek vandag.

**Skriflesing:** Job 7: 11-21
**Teks:** Job 7:17
**Tema:** GOD SE BEMOEIENIS MET DIE MENS IS WONDERLIK EN SKRIKWEKKEND
Job worstel met die positiewe en die negatiewe aspekte van die Here in sy lewe. Aan die een kant weet hy dat die Here positief met hom bemoeienis maak, maar aan die ander kant voel dit vir hom of die Here se bemoeienis met hom negatief is.
Dit is goed en wonderlik as die Here se bemoeienis met my alles vir my in plek laat val. Dan kan ek die Here mos loof en prys dat Hy so 'n wonderlike God is. Dit is egter baie sleg en swaar as die Here se bemoeienis met my, my laat swaarkry en my van die een krisis na die ander laat beweeg.
As die Here weer kom, sal hy nog geloof vind by mense wat die goeie en die swaar in die lewe leer ken het?

**Sing:**
1. Sb. 1-6:1,2 en 3.
2. Sb. 1-2:2.
3. Ps. 8:3 en 4 (Cloete).
4. Ps. 138:2 en 4.
5. Ps. 130:2 en 3 (Spies).

**Kollekte:**
**Tydens erediens:** Diakonale kas.
**By die deure:** Dopperdinge.
**Volgende Sondag**: Borg-'n-Bybel.

**Diensbeurte:**
Die kerkraadslede van Wyk D3 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Pieter Swanepoel en diaken Geert de Jong.
**Katkisasietoesig:** Gr 7 (Kerk 2).

## Gemeente-sake

### Lief en leed:

Br. André vd Walt het die afgelope naweek 'n ligte beroerte gehad. Hy is tans in die Wilgers hospitaal vir behandeling.

Br. Dick Putter is ongesteld tuis.

Br. Hannes van Aswegen ontvang chemo behandeling.

Ons vra u voorbidding vir elkeen van hierdie broers van ons. Mag ons hemelse Vader u bystaan in hierdie tyd van beproewing en as dit Sy wil is, genesing skenk!

### Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan

maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *Facebook* blad! Ons het al meer as **85 "likes**".

### Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar 'n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het 'n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

## Gemeentelike aktiwiteite

### Sustersake

*Skinkbeurte*.

Vandag 13/03: D4, F5, F6, F8, en H5.

Volgende Sondag 20/03: Geen skinkbeurt nie, weens skoolvakansie.

Susters word vriendelik versoek om maar 'n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

### Katkisasie

Katkisasie na afloop van die erediens. Daar is egter geen kategese vir die gr. 9's nie, soos ds. Dirk met hulle gereël het.

### Bybelstudie

Die bybelstudie neem weer in aanvang na die skoolvakansie. Die volgende geleentheid vir die aand bybelstudie is Woensdag 6 April om 18:00. Die volgende geleentheid vir die oggend bybelstudie is Woensdag 13 April 09:30. Albei groepe berei Romeine 2:12-29 voor.

### Droogte-hulp

Die Diakonie het besluit om aan ander Diakonieë in gebiede wat tans onder die droogte gebuk gaan, hulp te verleen. As u wil deel wees van hierdie projek, is u welkom om 'n geldelike bydrae te maak. Plaas asb. u bydrae in 'n koevert gemerk 'Droogte hulp' in die kollekte-sakkie.

### Finansiële kommissie en Kerkraad

Die finansiële kommissie vergader 14/03 om 19:00 en die Kerkraad op Woensdag 16/03 om 19:00 in die konsistorie.

### Erediens: Goeie Vrydag

Die Goeie Vrydag erediens vind op Vrydag 25 Maart 2016 om 09:00 in die kerkgebou van Waterkloofrand plaas. Ds. Dirk neem die erediens waar.

### Kerse maak is pret!

'n Pret funksie vir **skoolgaande katkisante en hulle ouers** word vir 17 April 2016 beplan. Ons gaan na die eredienste kerse maak en sommer saam bring-en-braai. Soveel katkisante as moontlik moet hierdie geleentheid bywoon. Maak daarom nou al 'n aantekening hiervan. Voor-skoolse kinders is ook baie welkom. Ons wil in die toekoms direk met ouers en katkisante kan kommunikeer en sal dit waardeer indien ouers 'n e-pos met hulle kind se naam en graad sal stuur aan:

*gdejong@lantic.net*

Verdere reëlings sal per e-pos en in die Gemeentebrief bekendgemaak word.

### Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p./kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

## Oggend kuier-ontbyt

GK Eloffsdal bied op Saterdag 6 April 2016 om 10:00 ’n oggend-ontbyt aan met Jannie Moolman, Vleis en Frieda Visagie en verskeie ander oud-Springbokke. Dit vind op die sportterrein van die Laerskool Mayville (159 Louis Trichardtstraat, Mayville) plaas. Vir besprekings en meer besonderhede skakel asseblief vir Elmien Fitchet by 061 461 8543.

---

## Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

***13 Maart***

Daan Ebersohn (083 293 0006) en Sheena Kuhn (012) 809 2354).

***14 Maart***

Johan Badenhorst (084 701 2595), Gherdie du Plessis (012) 346 2188), Imke Kraamwinkel (082 560 5256) en Hes Swanepoel (082 502 9220).

***16 Maart***

Dora de Beer (082 893 6536) en Ockie de Kock (082 739 2255).

***17 Maart***

Jean Dreyer (012) 346 1298).

***19 Maart***

Erendine Olivier (012) 809 0693 en Lané Vertue (012) 348 7283).

---

## Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

---

## Gedagte vir die week:

[27]Moenie ’n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. [28]Moenie vir iemand sê: “Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou,” as jy nou reeds kan help nie.

***Spreuke 3: 27-28***

---

## Dagboek

**Hierdie week**: *Vandag:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk is met verlof. Ds. Paul van den Berg van Centurion preek. Net een erediens. Katkisasie na erediens. 14/03 Finansiële Kommissie vergader. 16/03 Kerkraadsvergadering. 18/03 Skole sluit.

**Week 2:** *Sondag 20 Maart:* Net een erediens om 09:00 weens skoolvakansie. Ds. Dirk met verlof. Ds. Nico preek. 21/03 Menseregtedag. 25/03 Goeie Vrydag. Erediens om 09:00 by GK Waterkloofrand. Ds. Dirk preek.

**Week 3:** *Sondag 27 Maart:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk Preek. Net een erediens weens skoolvakansie. 28/03 Gesinsdag.

**Week 4:** *Sondag 3 April:* Erediens om 09:00. Ds. Nico preek. Net een erediens weens skoolvakansie. Skole heropen 05/04.

---

## Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

**Vakansieverblyf: Natalse Suidkus**

SanLameer eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by:

*marielouiseels@gmail.com*.

---

**Mount Amanzi**

Geleë agter die Hartebeespoortdam. Selfsorg chalet, slaap 5. Vir fasiliteite in en om die oord, besoek gerus: www.mountamanzi.co.za. Kostes: R700 per nag vir die chalet. Kontak Rietie Havemann by (012) 9934869 of 0733969502

---

**Akkommodasie:**

Drie kamers beskikbaar vir verkieslik jongmans of studente @ R3000/pm, ongemeubeleerd met veilige parkering. 2 dae per week word vloere skoongemaak en wasgoed gedoen (eie waspoeier). Twee persone deel 'n badkamer met stort. Adres: DOUGLAS Straat 41, COLBYN

Loopafstand vanaf Gautrein, Hatfield en Universiteit Pretoria. Kontak Dalene Jansen: 012 342 4919 of 076 035 5938 Bel net vooraf.

---

**Susan Swanepoel Musiekskool**

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

---

**Vakansieverblyf: Wes-Kaap**

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.

Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

---

**Die Waslyn**

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit. Skakel: 078 296 4593.

---

**Vars gebak en Spyseniering**

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

---

**Loodgieterswerk**

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

---

**Boomsloping en snoeiwerk**

Jac Marais (’n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

---